GAUTENGSE DEPARTEMENT VAN ONDERWYS
VOORBEREIDENDE EKSAMEN

AFRIKAANS HUISTAAL
(TWEEDE VRAESTEL: LETTERKUNDE)

MEMORANDUM

AFDELING A
POËSIE
VOORGESKREWE GEDIGTE

VRAAG 1: *Man met flits* (D.J. Opperman)
OPSTELVRAAG

Die opstel word volgens die **Rubriek vir die nasien van die opstelvraag vir gedigte** (Huistaal) (bl. 18) van die **Riglyne vir die opstel van graad 12-eksamenvraestelle vir tale** nagesien.

Inleiding

- Opperman het met sy gedig, **Man met flits**, vernuwend te werk gegaan deurdat hy die konkrete en abstrakte elemente, van beeld en toepassing gelyktydig vertoon. (*parafraseer uit Woord en Wonder, A.P.Grové)*
- *Die inhoud van die inleiding word nie voorgeskryf nie, maar volgens die assesseringsrubriek behoort die opstel oor ’n inleiding te beskik.*

Verduidelik hoe die gedig enersyds letterlik en andersyds figuurlik verstaan kan word.

- Letterlike/konkrete vlak:
    - Die man probeer sy pad in die donker vind.
    - In r. 1 – 6 lig die man met die flits op die grond voor hom.
        - Hy sien ’n klip en die flits beweeg rukkerig oor die terrein.
        - Die rukkerige beweging, wat soos ’n springende bok lyk, is egter die ligkol wat beweeg.
    - In r. 7 – 10 lig die man met die flits in die lug op.
        - Hy sien ’n diertjie wat verdwyn wanneer dié wegdraai van die lig af.
    - In r. 11 – 14 moet die man met die flits sy pad oor die vinnig bewegende water vind.
        - Dit is nie meer ’n man met ’n flits nie, maar die mens self, **“ek”**.
        - Sy voete soek na vastigheid.
- Abstrakte/ figuurlike/metaforiese vlak
    - Reël 1 – 6 handel oor die denkproses van die mens, die wete
        - Die woord **"stol"** (r.2) word gebruik om die denkproses uit te beeld.
        - Die gedagtes is vloeiend en deurmekaar totdat daar duidelikheid verkry word, die denke stol op die regte antwoord.
        - Insig is egter nie blywend nie, staan nie daarby stil nie.
    - In r. 7 – 10 probeer die denker ’n mate van helderheid kry.
        - Die spreker se insig is egter beperk. Die lig van die rede is dowwer, die “wit kol” het “wit skyn” geword.
        - So is die waarheid ontwykend en draai weg.

- In r. 11 – 14 dui die metafoor op die denke wat op ’n moeilike en gevaarlike terrein beweeg.
  - Nou word die lig glad nie genoem nie, slegs dít wat bedreigend is, nl. “waters” (r.11) en “duister” (r. 13) .
  - Dit kan dus moontlik wees dat die denke nie altyd helderheid bring nie, maar soms meer duisternis, meer vrae waarvoor helderheid gesoek word.

Onderskei die drie betekenisfases in die gedig en verduidelik die progressie van donker/duisternis

- Die wandeling van die man met ’n flits wat moontlik op soek na wild is en hy volg ’n gevaarlike paadjie oor ’n spruit deur van klip tot klip te spring terwyl hy van alkante bedreig word, word in dié gedig uitgebeeld. (*Handleiding by die studie van die letterkunde, A.P.Grové, Elize Botha)*
- In die gedig kan drie fases, r. 1 – 6, r. 7 – 10 en r. 11 – 14, onderskei word.
- Reël 1 – 6:
  - In r. 1 – 6 is daar die beeld van ’n man wat met sy flits oor enkele klippe lig.
  - Die spreker soek klaarblyklik met sy flitslig na iets en in die ligkol sien hy ’n “klip” (r. 3) en, soos wat die spreker oor die klippe beweeg, word die flitslig telkens op ’n ander klip geskyn.
  - Die rukkerige beweging van die flits lyk soos ’n bok wat stilstaan en dan weer weghardloop.
  - Dit is egter die ligkol wat beweeg.
- In r. 7 – 10 lig die man die flits in die lug op.
  - Hy sien ’n takkie en twee ogies (nie die hele voorwerp nie).
  - Die ogies verdwyn wanneer hulle wegdraai van die lig af.
- In r. 11 – 14 moet die man met die flits sy pad oor vinnig bewegende water vind, hy is op soek na vastigheid.
  - Dit is nie meer net ’n man met ’n flits nie, maar die mens self, “**ek**”.
  - Sy voet soek-soek in die donker na klippe wat nie omrol nie, na vastigheid.
  - In r. 11 – 14 dui die metafoor op die denke wat op ’n moeilike en gevaarlike terrein beweeg.
    - Nou word die lig glad nie genoem nie, slegs dit wat bedreigend is, nl. **waters** (r.11) en **duister** (r. 13).
    - Dit kan dus moontlik wees dat die denke nie altyd helderheid bring nie, maar soms meer duisternis.

- In die bou kom die progressie (eerder *voortgang* volgens A.P. Grové) duidelik na vore, van die ligkol op die klip, na die takkie, die diertjie en word dit na die mens verskuif.
  - **“**In die gedig is daar sprake van ’n voortgang waar die aanvanklik duidelike **“wit kol”** (r.1) wat ’n ontglippende wêreld tot vastheid kon laat **“stol”** (r. 2) veel later onsekerder **“wit skyn”** (r. 9).
  - Dit is of die lig sy effektiwiteit en die jagter (man) daarmee sy selfvertroue verloor.
  - Geleidelik verskuif die aksent van die lig na die donker, terwyl die soeker ’n bedreigde word, die inisiatief gaan van die **“**ek**”** oor na die **“duister land”** (r. 13)” *(Woord en Wonder, A.P. Grové)*

- Die gedig begin in r. 1 met **"in"** na **"uit"** in r. 6 en tot **"alkant"** in r. 14.
- Verdere progressie kan in die eerste koeplet gevind word waar daar sprake van 'n **"klein wit kol"** is en in r. 13 word na die **"duister land"** verwys, die gebied vergroot, dui progressie aan.
- Daar word uit die donker na lig en weer terug na die donker beweeg.
- Daar kom ook progressie in die woordkeuse van die digter voor, woorde dui op 'n voortdurende stilstand: **stol** (r. 2), **staan** (r. 5), **hang** (r. 7), asook op beweging: **skrik** (r. 4), **verdwyn** (r. 10), **glip** (r. 11).

Wat bereik die digter met die eenlettergrepige woorde en enjambemente in die gedig?

- Die eenlettergrepige woorde dra tot die ritme by.
- Verder word 'n staccato-effek geskep sodat elke woord beklemtoon word.
- Die idee van verspringende ligkolle en insigte word versterk en beklemtoon die beweging van die man met die flits in sy hand.
- Deur enjambement te gebruik, verdoesel die digter die paarrym.

Watter funksie kan die gelyktydige ontwikkeling van die twee betekenisvlakke hê?

- Die konkrete en abstrakte vlak word baie effektief deur die digter in die gedig aangewend.
- Die leser word op 'n vernuftige wyse by die gedig betrek wat aan die hand van sleutelwoorde self die beeld moet konstrueer.
- Met die voltooiing van die beeld wat gekonstrueer moet word, het die leser dan ook die toepassing van die gedig voltooi.

Sê in die slotparagraaf van die opstel tot watter insig jy met die lees van hierdie gedig kom.

- Die mens gebruik sy insig/ wete om orde uit die chaos om hom te skep, om deur sy rede die werklikheid te deurgrond. (*Poësiestudiegids, Dr. S. du Plessis*.)
- Hierdie orde is egter nie blywend van aard nie, aangesien nuwe terreine van kennis voortdurend oor die mens se pad kom waaruit jy weer orde moet skep, tot begrip moet kom.
- Die mens sal voortdurend na oplossings vir probleme soek.
- *Die kandidaat kan tot ander insigte met die lees van die gedig kom, solank dit gemotiveerd is.*
- *Aangesien hierdie paragraaf in die vraestel as 'n slotparagraaf gevra is, hoef die kandidaat nie nog 'n samevatting of slot in sy opstel aan te bied nie.*

[10]

VRAAG 2: *Onderwyser* (Antjie Krog)

2.1	Die leerders ✓ In die Bybel verwys dit na die Israeliete. ✓	1 1	
2.2	Vergelyking ✓	1	
2.3	Die onderwyser wil hom teen die leerders beskerm. ✓/ Die onderwyser wil nie persoonlik by die leerders betrokke raak nie□.	1	
2.4	Ragab✓	1	
2.5	Al het die onderwyser 'n sterk muur om hom gebou, is daar tog swak plekke □ / is hy tog deurdringbaar / toeganklik.	1	Albei die kante van die kontras moet genoem word vir 1 punt.
2.6	Die leerders probeer van alle kante om die swak plek te vind ✓ / Die onderwyser word van alle kante bedreig.	1	
2.7	" tog" ✓	1	
2.8	"lot" ✓/ krummel/ val	1	Slegs 1 woord mag geskryf wees, andersins word slegs die eerste woord nagesien.
2.9	Die woorde "here" en "god" word nie met beginhoofletters (Initial caps) geskryf nie. ✓	1	

[10]

VRAAG 3: *23* (Breyten Breytenbach)

3.1	Hierdie gedig is een van 'n bundel wat deur die digter geskryf is terwyl hy in die tronk aangehou is. ✓ Die spreker praat ook van briewe wat hy ontvang terwyl hy 'n aangehoudene is. ✓	1 1	
3.2	Psalm 23 ✓ /	1	
3.3	"blom" ✓	1	
3.4	Deur die brief word die spreker se ruimte (tronksel) verbreed, hy is figuurlik nie ingekerker nie ✓/ Dit bied vir die spreker kontak met die buitewêreld / Die spreker kan poësie / 'n liefdesgedig aan sy vrou skep as antwoord op die ontvangs van die brief / Dui op bevryding omdat poësie volgens hom vry maak.	1	
3.5	Daar gaan nie weer 'n skof (nagwaak) wees waar die tronkpersoneel oor hulle wag moet hou nie, hulle is op pad om tereggestel te word (dit was hulle laaste nagwaak). ✓	1	
3.6	Die indruk wat die veroordeeldes op hul laaste tog met hul sang gemaak het, word beklemtoon. ✓	1	Moet aandui wat beklemtoon word, net **beklemtoning** as antwoord, is nie korrek nie
3.7	Die liedere wat gesing word (die sang), word met boeie vergelyk. ✓	1	Moet albei dele noem vir 1 punt, andersins 0
3.8	r. 25 is lank en r. 30 is redelik kort ✓/ In r. 25 word **"wit"** gebruik wat met **"donker"** in r. 30 kontrasteer./ r. 25 is positief teenoor r. 30 wat negatief is.	1	Moet albei kante van die kontras noem
3.9	Die brief is nie afgehandel nie, dui op voortgang ✓/ Die brief se invloed is blywend van aard.	1	

[10]

VRAAG 4: *27 april 1994* (Vincent Oliphant)

4.1	Die eerste demokratiese verkiesing waar alle Suid-Afrikaanse burgers hul stemreg kon uitoefen. ✓	1	
4.2	"uiteindelik" ✓	1	
4.3	Die spreker se gevoel van vreugde en vryheid word weergegee/ beklemtoon. ✓	1	
4.4	Vryheid / 'n Nuwe bedeling ✓	1	
4.5	Vergelyking ✓	1	
4.6	Vryheid ✓/ Oorwinning / 'n Nuwe begin	1	
4.7	Die politieke skeiding wat tussen mense gemaak is op grond van hul velkleur het tot 'n einde gekom. ✓	1	
4.8	Om vrede met iemand te maak ✓/ versoening	1	
4.9	Dit suggereer die twee partye wat by 'n versoening betrokke is. ✓	1	
4.10	Herhaling ✓/ Herhalingstegniek	1	

[10]

ONGESIENE GEDIG

VRAAG 5: *wat die sterre sê* (/Han#kas'so)
OPSTELVRAAG

Die opstel word volgens die **Rubriek vir die nasien van die opstelvraag vir gedigte** (Huistaal) (bl. 18) van die **Riglyne vir die opstel van graad 12-eksamenvraestelle vir tale** nagesien.

Inleiding

- Die verwagting word geskep dat die digter baie op die natuur sal steun om beelde in die gedig te skep, aangesien die digter se afkoms een van ons inheemse volke is wat na aan die natuur geleef het.
- *Die inhoud van die inleiding word nie voorgeskryf nie, maar volgens die assesseringsrubriek behoort die opstel oor 'n inleiding te beskik.*

Bespreek en motiveer wat jy as moontlike tema van die gedig sal beskou.

- Die moontlike tema kan wees dat mens jaloers op ander mooi dinge (springbok se oë) is en dit vir jouself wil hê.
- So iemand wat jaloesie toon, blyk oor 'n koue hart te beskik (spreekwoordelik kan 'n ster se hart koud wees, alhoewel die ster eintlik 'n son/warm is).
- Die kandidaat kan 'n ander tema wat hy uit die gedig aflei, motiveer in hierdie paragraaf.

Wat is personifikasie en hoe word dit in die gedig aangewend?

- Personifikasie is vermensliking en ontstaan wanneer die natuur of lewelose voorwerpe met menslike eienskappe beklee word. (*Die letterkundige sakwoordeboek vir Afrikaans, A.P. Grové)*
- In die gedig word die natuur vermenslik om ŉ sekere beeld te skep.
- In r. 1 kan die sterre jou hart vat, ŉ menslike eienskap om iets te neem of te vat.
- Verder word in r. 2 aangedui dat die sterre, wat deel van die natuur is, honger voorkom en dit blyk dan die rede te wees om jou hart te vat. Sterre is nie in staat om honger te voel nie.
- Nadat die sterre jou hart gevat het, word jy met die hart van ŉ ster gevoer. Eerstens kan die sterre nie iemand voer nie en verder het sterre op sigself ook nie ŉ (menslike) hart nie.
- In die tweede strofe word daar by herhaling genoem dat die sterre woorde uiter/sê en dat hulle in staat is om te vloek (wat ŉ emosie aantoon) wat die sterre nie kan doen nie.
- Daar word dus deurgaans van personifikasie in die gedig gebruik gemaak.

Bespreek die herhalings in strofe 2 wat die tema help uitbeeld.

- Die tema kan moontlik die (jaloerse) handeling van die sterre in die natuur wees. Indien dit verpersoonlik word, kan dit daarop dui dat die mens se hart altyd na meer streef, die mens kan dus jaloesie toon.
- In strofe 2 word die sterre se woorde herhaaldelik genoem.
- Die sterre wat **"tsau"** sê, word in r. 6, r. 8 , en r. 11 herhaal.
    - Die funksie van die herhalings is om die woorde wat die sterre sê, te beklemtoon.
- Dat die sterre die springbok se oë vervloek, word ook in r. 7 en r. 9 herhaal.
    - Die herhaling van die vloek (wat moontlik die betekenis van die woord **tsau** kan wees) kan moontlik op die emosie dui wat die sterre jeens die springbok koester.
    - Die herhaling in hierdie geval, wat die personifikasie insluit, beklemtoon dus die emosie van die sterre.
- Die herhalings sluit dus goed by die tema aan, aangesien dit die woorde wat geuiter word en die emosie wat daarmee saamgaan, beklemtoon.

Slot/samevatting

- Dié gedig, **wat die sterre sê**, is ŉ goeie voorbeeld van ŉ gedig wat geskryf is deur ŉ mens wat na aan die natuur leef, aangesien die beelde wat gebruik word, bekend in sodanige persoon se leefwêreld is.
- *Die inhoud van die slot/samevatting word nie voorgeskryf nie, maar volgens die assesseringsrubriek behoort die opstel oor ŉ slot of samevatting te beskik.*

[10]

VRAAG 6: *wat die sterre sê* (/Han#kas'so)

6.1	tsau! ✓/ tsau! tsau!	1	
6.2	Personifikasie✓	1	
6.3	Die sterre is báie honger.□✓	1	
6.4	vat ✓ / voer	1	
6.5	r. 2 is korterig en r. 5 is lank ✓/ r. 2 beeld honger uit terwyl r. 5 versadigheid suggereer.	1	
6.6	**"want** die sterre sê tsau! tsau!" ✓	1	
6.7	Vloek ✓/ Skel/ Slegsê	1	
6.8	Herhaling ✓/ Alliterasie van die **ts**	1	
6.9	Ek ✓	1	
6.10	"groot geword" ✓/ "luisterend" / "groot geword luisterend" (na die sterre)	1	

[10]

TOTAAL VIR AFDELING A: [30]

AFDELING B
ROMAN

VRAAG 7: *Die kwart-voor-sewe-lelie* (Eleanor Baker)

Die opstel word volgens die **Rubriek vir die nasien van die opstelvraag vir roman en drama** (Huistaal) (bl. 21) van die **Riglyne vir die opstel van graad 12-eksamenvraestelle vir tale** nagesien.

Inleiding

- Iris is aanvanklik die buitestander in die roman wat moeilik met ander karakters kommunikeer en 'n fantasie-wêreld verkies, sy kies selfs haar beroep sodat daar meer tyd vir fantasieë is.
- Iris het egter karakterontwikkeling ondergaan en in die werklike wêreld begin kommunikeer en haar buitestanderskap opgehef.
- *Die inhoud van die inleiding word nie voorgeskryf nie, maar volgens die assesseringsrubriek behoort die opstel oor 'n inleiding te beskik.*

Gee 'n omskrywing van wat 'n buitestander is en hoe dit op Iris van toepassing is.

- In die roman, Die *kwart-voor-sewe-lelie*, kan Iris as 'n buitestander beskou word.
- 'n Buitestander kan as 'n karakter beskou word wat nie in sy milieu pas nie, wat ontuis of soos 'n enkeling tussen die ander karakters voel.
- Die buitestanderskap kan as gevolg van die karakter se individualiteit wees.
    - Iris is 'n individu en beskou haarself as anders as die ander mense, sy is "'n dienares van hoëre gode", maar ook sien sy haarself as "Aspoestertjie".

- Verder dra gebrekkige kommunikasie daartoe by dat een karakter as ’n buitestander beskou kan word soos wat in Iris se geval is.
    - Daar is nie baie goeie kommunikasie tussen Iris en die ander karakters nie, bv. in die huisgesin maak haar pa haar stil wanneer sy aan gesprekke wil deelneem, aangesien sy te jonk is.
    - Iris kommunikeer nie met Peter voordat hulle seks het nie.
        - Alhoewel sy en Peter trou, klink dit asof die huweliksaanbod half terloops gemaak is, **“Nog net ’n paar maande, dan is ons vir altyd bymekaar.”**
- Iris is ’n dieper persoon wat meer as die gewone sien en het ’n Engel met wie sy kommunikeer.
    - Iris se ouma het ook met ’n Engel gekommunikeer.
    - Haar kommunikasie met die Engel maak dat Iris ’n individu is, dat sy anders as die ander mense is, ’n buitestander.
- Iris is egter nie afsydig en swygsaam nie.
    - In die buiteland kommunikeer sy maklik met die ander mense, bv. Billy, die portaalklerk wat sy konfronteer en sy knoop ook praatjies met ander mense (in die restaurant) aan.

Iris se geboorte en haar lewe in die gesin dra tot haar buitestanderskap by.

- Met Iris se geboorte was die dokter oorhaastig op pad na ’n volgende bevalling en het nie veel aandag aan die nuwe aankomeling geskenk nie.
- Na die geboorte was haar ma gedaan en het aan die slaap geraak – daar word nie genoem dat daar direk na Iris se geboorte geleentheid vir binding tussen haar en haar ma (of pa) was nie.
- Iris se pa was nie by die hospitaal tydens die geboorte nie, alhoewel dit ook nie die gebruik vir daardie tyd was nie.
    - ’n Verpleegster het hom van die geboorte in kennis gestel.
    - Hierdie was ’n teer saak vir Iris, aangesien sy in al haar fantasieë die teenwoordigheid van die pa aangeraak het. Sowel Eduard as die (werklike) Peter sou by die geboorte van Greta en Iris se baba wees.
- Iris se susters het eintlik net die hospitaal besoek sodat hulle hul leeslesse hardop vir Ma kon lees. Ook hulle het nie aandag aan die nuwe sussie geskenk nie.
- Terwyl Iris se susters na familie vernoem is, het Iris sommer ’n naam vanweë haar voorkoms by geboorte gekry (volgens die pa).
- Iris het na haarself as ’n **“dienares van hoër gode”** verwys, dus nie heeltemal deel van die huisgesin nie, maar eerder die een wat ander moet bedien, ’n **“Aspoestertjie”**.
- Iris gesels met haar ma (oor die betekenis van Iris se naam) en die ma luister nie na wat Iris te sê het nie, asof dit nie as belangrik genoeg geag word nie. Die antwoord is eerder dat die ma van Pa se dieet geweet het.

    - Hierdie voorbeeld van gebrekkige kommunikasie dra daartoe by dat Iris as ’n buitestander beskou kan word.

- Iris het dikwels soos **"Aspoestertjie"** gevoel, iemand wat ander moet bedien en nie self deel van die gesin is nie.
- Vanweë die ouderdomsverskil tussen Iris en haar susters was Iris 'n alleenloper, sy het, volgens haar, net soos Polder van oorskietkos geleef.
- Elsa en Kara het ook Iris se kinderjare as **"objektiewe buitestanders"** gekritiseer.
- Anders as die ander gesinslede, kommunikeer Iris met 'n Engel, 'n buitestander.
- Telkens wanneer daar in die gesin gepraat word, word Iris as te jonk beskou om saam te praat, sy deel nie in die gesprekke met die gesin nie.

Iris se buitestanderskap lei tot die skep van haar fantasie-wêreld.

- Iris word as 'n sensitiewe persoon beskou wat dieper en meer as die gewone mens kan sien.
- Die Engel vorm deel van Iris se fantasiewêreld.
    - Die Engel sê aan Iris dat sy hom opgeroep het en deel van haar fantasieë gemaak het.
    - Haar ouma het ook 'n Engel gehad wat aan haar verskyn het, haar susters het egter nie.
    - Die Engel verskyn die eerste keer aan Iris in Frankryk met haar kuier by Kara en Claude.
    - Die feit dat Iris die enigste een is wat die Engel kan sien en met hom kan kommunikeer, maak van haar 'n buitestander.
- Met Elsa se troue is Iris die strooimeisie, maar sy deel nie in die realiteit nie, voor die kansel fantaseer sy oor die droom-strooijonker, Eduard, wat dadelik op haar verlief raak.
- Met Elsa se swangerskap word Iris se inset as dié van 'n kind afgemaak. Iris kompenseer deur te fantaseer oor die droom-Peter by wie sy swanger raak.
- Iris ontmoet die werklike Peter wat nie veel van sy fiktiewe eweknie verskil nie en om daardie rede besluit sy om met hom seks te hê.

Iris ondergaan groei/ontwikkeling van onbetrokkene na betrokkene en hef so haar buitestanderskap op.

- Aanvanklik gryp Iris nie geleenthede aan nie, sy raak nie betrokke nie, en bly so 'n buitestander.
    - Iris studeer vir drie jaar lank aan die universiteit, maar volg nie 'n beroep in haar studierigting nie, maar werk as assistent by dr. Anders sodat daar genoeg tyd is om te fantaseer.
    - Die geleenthede om modelwerk te doen in Parys en in Amerika het Iris van die hand gewys omdat dit moontlik nie haar tyd was om te blom nie.
        - Sy het dus eerder gefantaseer om een magiese oomblik te blom as om die werklike geleenthede te benut.
    - Die huweliksaansoek deur Frederik word nie direk deur Iris beantwoord nie, die geleentheid bly dus vir 'n tyd "oop", die implikasie is egter dat sy die huweliksaanbod weier, "**Jy weet wat my antwoord is. Buitendien, ek is nou by Peter."** Op bl. 191 noem Iris dat sy nog nie geantwoord het nie, al is dit jare gelede dat Frederik haar gevra het om te trou.
- Iris verander haar lewensfilosofie en besef dat mens nie net een keer in jou lewe die regte ding op die regte tyd moet doen om volmaakte sintese te beleef nie.

- Sy kom tot die besef dat sy self verantwoordelik is vir haar keuses.
    - In Iris se gesprek met die Engel, wys die Engel haar daarop dat die lewe haar keuse is, **"As jy môre op die dak loop en gly en afval, sal ek jou nie vang nie. Om op die dak te loop, is jou keuse."**

Slot / samevatting

- Iris is met Peter getroud en is nou werklik deel van 'n eie gesin.
    - Só is Iris se buitestanderskap opgehef en kan sy aan die gesin bou wat sy nooit gehad het nie.
- *Die inhoud van die slot/samevatting word nie voorgeskryf nie, maar volgens die assesseringsrubriek behoort die opstel oor 'n slot of samevatting te beskik.*

[25]

OF

VRAAG 8: *Die kwart-voor-sewe-lelie* (Eleanor Baker)

8.1	Iris ✓	1	
8.2	Kinderlik ✓/ Glo nog in fantasieë / Glo in die bonatuurlike	1	
8.3	Vir Iris is dit die dienares van hoëre gode ✓ terwyl sy vir Peter die godin van die reënboog is. ✓	1 1	
8.4	Die droom-Peter ✓/ Die Peter oor wie Iris gefantaseer het	1	
8.5.1	Haar naam is van irisse afgelei wat net een keer per jaar blom. So wag Iris sedert haar skooldae dat sy een of ander tyd moet blom en kan nie nuwe situasies onbenut laat nie. ✓	1	
8.5.2	'n Naam is net toeval, daar kan dus nie enige assosiasies van jou naam afgelei word nie. ✓	1	
8.6	Peter was die eerste persoon wat die assosiasies van haar naam geken het, hy kon dus deur haar skanse breek ✓/ Om afstand tussen hulle te behou.	1	
8.7	In haar fantasie-wêreld was Peter Eduard se jonger broer. ✓	1	
8.8	Iris het nie in lewende lywe met die ander Peter kennis gemaak nie, maar vir haar is hy werklik .✓	1	
8.9	'n Gebrekkige waardestelsel ✓/ Losse sedes / Impulsiwiteit	1	
8.10	Hy is die karakter in een van haar stories (met die implikasie dat fantasie realiteit geword het). ✓	1	
8.11	Oor Kerstyd ✓ in Vermont ✓ / VSA	1 1	
8.12	Sonder om veel te kommunikeer, gaan Iris saam met Peter na sy woonstel toe met die eerste ontmoeting✓ / Met Peter in Amerika, kommunikeer hulle deur middel van (onduidelike) poskaarte / Hulle weet nie veel van mekaar se persoonlike sake nie, bv. gesondheid en polisse / Peter vra haar "soort van" om te trou (op bl. 188 gebruik hy 'n cliché en vra nie direk nie).	1	
8.13	Bettie ✓	1	
8.14	Die Engel (hy het haar wakker gemaak) ✓	1	
8.15	Tydens haar kuier by Kara en Claude in Frankryk ✓	1	
8.16	Ons moet die roman nie te ernstig opneem nie, daar kom ook humor daarin voor. ✓	1	

8.17.1	Iris wou die Engel van sy vlerke stroop. ✓	1	
8.17.2	Die Engel is nie verantwoordelik vir Iris en haar mense nie, elkeen neem sy eie besluite. ✓	1	
8.17.3	Iris is net 'n naam, sy hoef nie op haar blomtyd te wag wat slegs een keer sal kom nie. ✓	1	
8.18	Kwart-voor-sewe ✓	1	
8.19	Waar sy voorheen ongeduldig was en halsoorkop opgetree het, wag sy nou geduldig op die blomtyd. ✓	1 1	

[25]

VRAAG 9: *Manaka, plek van horings* (Pieter Pieterse)

Die opstel word volgens die **Rubriek vir die nasien van die opstelvraag vir roman en drama** (Huistaal) (bl. 21) van die **Riglyne vir die opstel van graad 12-eksamenvraestelle vir tale** nagesien.

Inleiding

- In die roman, *Manaka, plek van horings*, is dit die verhaal van Baas Chipman en hoe Baas besluit om in Barotseland, nes sy oupagrootjie, te gaan woon en werk wat aan die lesers vertel word.
- *Die inhoud van die inleiding word nie voorgeskryf nie, maar volgens die assesseringsrubriek behoort die opstel oor 'n inleiding te beskik.*

Bespreek die term *hoofkarakter* en hoe dit op Baas van toepassing is.

- 'n Hoofkarakter is die karakter om wie die intrige en tema in die roman wentel.
- In hierdie roman word die storie van Baas Chipman vertel wat sy oupagrootjie se voetspore na Barotseland volg.
- Die ander karakters wat in die roman voorkom, dien om die storie van Baas beter te vertel.

Baas is 'n natuurmens en voel tuis in die natuur.

- Baas onderskei hom as seun reeds as jagter en bring baie tyd in die veld deur.
- Baas is in 'n groot mate van die natuur afhanklik om te oorleef en hy wys sy mag oor die natuur deur die diere wat in die omgewing voorkom, te jag.
- Alhoewel Baas malaria opdoen, verander dit nie aan sy voorneme om van Manaka 'n leefbare plek te maak nie.
- Baas kan sy kamp beveilig teen die natuur se diere (krokodille, seekoeie, buffels).
- Baas toon sy respek teenoor die natuur, alhoewel hy die groot buffelbul uiteindelik moet skiet.
- Baas oefen sy "baasskap", in ooreenstemming met sy naam, oor die natuur uit.
- Hy rig vir hom 'n gerieflike skuiling in waar hy bly terwyl hy sy droom najaag.

Baas kom as buitestander na vore, veral in Barotseland.

- Baas kan as ’n buitestander beskou word, iemand wat sy eie geselskap verkies en wie se ideale van die mense om hom s’n, verskil.
- Met sy terugkeer na sy familie in Houtboschberg in Suid-Afrika is dit duidelik dat Baas sy familie “ontgroei” het.
- Hy wil nie dat sy drome slegs drome bly nie, en gaan soek sy oupagrootjie se plek op eie houtjie op en besluit om daar te woon en te werk.
- Alhoewel Baas ’n buitestander is, gee hy tog vir ander mense om.
    - Hy gee medisyne vir Manuel se dogtertjie.
    - Hy gee sy laaste anti-malariapille en geld aan Grace.
    - Sy Landrover se dryfas breek terwyl hy vir die khuta hout aanry.
    - Alhoewel hy dus ’n buitestander is, leef hy nie in kluisenaarskap met die mense in die omgewing nie, maar meng nie op sosiale vlak met die gemeenskap nie.
    - Sy buitestanderskap is dus daarin geleë dat hy as individu selfstandig ’n bestaan probeer maak en so ver as moontlik onafhanklik van die Barotse wil leef.
        - Hy beskou homself nie as deel van die gemeenskap nie (bv. hy voel nie dieselfde oor die herbou van die die kerk nie).
- In Barotseland vertel ouma Essie van Baas se goeie dade, hy roem nie daaroor nie.
- Baas kom teruggetrokke voor in sy verhouding met ander mense, soos wat bv. met die sendeling-egpaar die geval is.
- Baas onderskei tussen dit wat vir hom reg en verkeerd is en wil nie betrokke raak in onderduimshede nie, bv. Riekert se diamantsmokkelary.
- Deur bemiddeling van ouma Essie en Grace raak Baas meer betrokke by die gemeenskap.

Baas se geloofstryd word in Barotseland voortgesit.

- Nadat Baas in ’n godsdienstige huis grootgeword het, het sy houding teenoor geloof verander na sy ouers se dood en die bosoorlog.
- Aanvanklik het Baas nog gereeld Bybel gelees, maar mettertyd het hy nie meer nie.
- Hy het sy rug op godsdiens gekeer deurdat hy nie wou hê dat sy niggie vir hom ’n Bybel moes inpak vir sy tog na Barotseland nie.
- Dit is dus ironies dat Baas in Barotseland met godsdiens gekonfronteer word deurdat hy by die sendingstasie, Manaka Evangelical Mission, sy staanplek maak.
- Baas se geloofstryd manifesteer in sy drome.
    - Hy droom dat sy ma probeer om ’n kettinkie met ’n kruis aan, om sy nek te hang.
    - Die kettinkie pas egter nie oor sy kop nie.
    - Hierdie droom kan simbolies gesien word as Baas se afkeer van godsdiens.

- Baas ignoreer die tekens by Manaka wat op godsdiens dui.
    - Baas glo dat hy slegs op Manaka is om sy boot te bou en hy gaan nie in die sending-voetspore van sy oupagrootjie volg nie.
    - Alhoewel die gemeenskap sonder ’n geestelike leier is, is Baas nie bereid om hierdie rol te vervul nie.
    - Die sendeling-paar wat op Manaka aankom, word glad nie hartlik deur Baas ontvang nie.
    - Wanneer die kerkie se vensterrame en sinkplate gesteel word, is Baas selfgesentreerd en dink dat die kerkie ’n veilige stoorplek vir hom kon wees.
- Ouma Essie se vrae en aanmerkings help Baas om tog oor Christenskap na te dink.
    - Hy vra dan aan ouma Essie wat jou ’n Christen maak.
    - Ouma Essie antwoord nie vir Baas direk nie, maar hy word met teksverse uit die Bybel geantwoord.
- Baas gaan lees in Whitey se tent in sy oupagrootjie se Bybel.
- Die gebaar van ouma Essie om Joseph se lyfband aan Baas te gee om te dra, kan ’n simboliese gebaar wees wat daarop dui dat Baas ook die geestelike versorging kan oorneem, veral aangesien die sendeling-egpaar die gebied verlaat het.

Verduidelik of jy met Baas se karakter kan identifiseer.

- Ja, ek kan met Baas identifiseer.
    - Ek hou van die natuur en sal dit as ’n wonderlike uitdaging beskou om in die afgesonderde dele van Afrika te woon, wild te skiet en te werk.
    - Dit behoort ook ’n interessante uitdaging te wees om saam met die gemeenskap te leef en te bou. So kan mens baie van nuwe kulture leer.
- Nee, ek kan nie met Baas as karakter identifiseer nie.
    - Baas leef te afgesonderd en stel in dinge belang wat nie in my belangstellingsveld lê nie.
    - Ek sal nie daarvan hou om baas te wees oor ’n gemeenskap (in dié sin om hulle by te staan met probleme) en die natuur nie.
    - Daar is te veel struikelblokke om te oorkom voordat die gebied beskaafd sal wees.
- *Die kandidate kan ’n eie gemotiveerde mening gee.*

Slot / samevatting

- Baas raak meer betrokke by die gemeenskap, in so ’n mate dat hy meer toegeneë tot Grace voel en dat sy hom op sy naam kan noem.
- Dit lyk ook of Baas se innerlike konflik aangaande geloof opgelos is en dat hy sy taak op Manaka ten volle gaan opneem.
- *Die inhoud van die slot/samevatting word nie voorgeskryf nie, maar volgens die assesseringsrubriek behoort die opstel oor ’n slot of samevatting te beskik.*

[25]

OF

VRAAG 10: *Manaka, plek van horings* (Pieter Pieterse)

10.1	Manaka ✓/ Barotseland / Zambië	1	
10.2	Hy is op soek na sy oupagrootjie se plek wat met buffelhorings afgebaken is. ✓	1	
10.3.1	Sy ma het 'n kettinkie met 'n kruisie aan wat sy oor Baas se kop wil plaas, maar dit wil nie oor sy kop kom nie. ✓	1	
10.3.2	Ouma Essie ✓	1	
10.4	Op soek na 'n identiteit✓ / Sentimenteel/ Soeker	1	
10.5	Albei het blouwildebeesbulle se koppe as bakens by Manaka se grens vasgespyker. ✓	1	
10.6	Dit is waarskynlik die lede van die gemeenskap wat die nuwe aankomeling bestudeer het. ✓	1	Kandidaat mag dit ontken, solank motivering geldig is.
10.7	Alhoewel sy naam Baas is, tree hy nie hovaardig (soos 'n baas) teenoor die ander mense op nie. ✓	1	
10.8	Hy moes die toestemming van die khuta verkry en aan hulle 'n sekere deel betaal. ✓	1	
10.9	Hy wil die Zambezi-rivier verken en later toergroepe met die rivier op neem. ✓	1	
10.10	Dit is 'n teken van respek. ✓	1	
10.11	Sy toon nie respek vir die khuta nie ✓ / Ouma Essie stem moontlik nie saam met wat die khuta beoog nie.	1	
10.12	Dit plaas die roman in die Afrika-milieu met Afrika-tradisies. ✓	1	
10.13	Baas Chipman ✓	1	
10.14	Die khuta wil 'n aandeel in elke bedryf van Baas hê alvorens hulle toestemming vir sy verblyf gee. ✓	1	
10.15.1	Die uitdrukking pas by die Afrika-milieu en is geslaagd. ✓	1	
10.15.2	Wanneer die khuta so gierig is om alles van Baas te wil deel, sal daar later niks meer oor wees om te deel nie. ✓	1	
10.16	Hy dra kennis van die wyse waarop die diesel vermors is. ✓	1	
10.17	Om die kerkie aan die brand te steek ✓	1	
10.18.1	Hy kan nie vertrou word nie. ✓	1	
10.18.2	Ja. Riekert dreig Baas om weg van Manaka te gaan. ✓	1	"Nee" is verkeerd.
10.19	Grace ✓	1	
10.20	Hul verhouding beweeg weg van gewone werkgewer-werknemer-verhouding ✓ na 'n persoonliker vlak. ✓	1	
10.21	Kebbey wil met Grace trou en Baas se houding keur dit nie goed nie. ✓	1 1	

[25]

VRAAG 11: *Vatmaar* (A.H.M. Scholtz)

Die opstel word volgens die **Rubriek vir die nasien van die opstelvraag vir roman en drama** (Huistaal) (bl. 21) van die **Riglyne vir die opstel van graad 12-eksamenvraestelle vir tale** nagesien.

Inleiding

- *Vatmaar* se mense moet verstaan word soos hulle is, dan word jy lief vir hulle, skryf die skrywer in sy voorwoord.
- Die liefde wat spreek, is duidelik uit die vertellings van *Vatmaar*.
- Om daardie rede is daar nie 'n enkele hoofkarakter in die roman nie, maar eerder die verhaal van die nedersetting se mense sodat die leser ook in die liefde vir die nedersetting en sy mense kan deel.
- *Die inhoud van die inleiding word nie voorgeskryf nie, maar volgens die assesseringsrubriek behoort die opstel oor 'n inleiding te beskik.*

Die naam "*Vatmaar*" se rol en herkoms in hierdie roman

- *Vatmaar* is die storie van die mense wat op die nedersetting **"**Vatmaar**"** gewoon het, die naam kom van al die vatmaar-goed wat die bruin mense bymekaar gemaak het tydens die oorlog. Ta Vuurmaak, George Lewis en oom Chai het al drie in die oorlog diens gedoen.
- Die mense in *Vatmaar* was nie op ander plekke welkom nie en is maar gevat (aanvaar) op Vatmaar.
- Alhoewel die naam **"**Vatmaar**"**, eintlik op diefstal dui, die vat van goedere wat nie aan jou behoort nie, word dit só deur die skrywer hanteer dat die leser die persone wil vergewe, wil liefkry, ongeag die oortreding.
- Die Griekwas, met Ta Vuurmaak as opregte Griekwa, het nie 'n woord vir steel nie en volgens Ta Vuurmaak kon die wittes vat wat hulle wou hê terwyl dit as steel vir die Griekwas beskou is en hulle tot tronkstraf gevonnis is.

Ta Vuurmaak

- Ta Vuurmaak woon in 'n ou treinwatertenk wat oom Chai teen die einde van die oorlog na hul buit gesleep het.
- Ta Vuurmaak was een van die mense wat gewerf is om die Engelse van hulp te wees tydens die Anglo-Boereoorlog.
    - Dit het ook hulp met die afbrand van die plase ingesluit.
    - Tydens die oorlog, het hy en oom Chai hulle aan goedere soos sinkplate en vensters gehelp.
    - Hierdie goedere is afgelaai by 'n plek wat later die nedersetting sou vorm.
    - Hy het ook soms lyf weggesteek deur te maak asof sy vleiswond hom pla en dat hy nie werkies kon doen nie.
- Hy was die oudste karakter op **"**Vatmaar**"**.
    - Vanweë sy ouderdom (en ook sy stories, of "waarheid") het almal respek vir hom gehad.
    - Ta Vuurmaak het stene gemaak van die vorm wat hy by George Lewis gekry het.
        - Hy het nie in die buit van die vatmaar-goed gedeel nie.
        - George het genoem dat Ta Vuurmaak 'n pensioen kry en dus soos 'n koning sal lewe.

- Ta Vuurmaak het van die manne wat nie werk gehad het nie, gebruik om te help stene maak.
  - As betaling kon die makers vir elke drie stene wat hulle maak, twee kry, een sou Ta Vuurmaak s'n wees.
- Sus Bet het elke Saterdag sy woning gaan skoonmaak.
  - Met een so 'n besoek het sy hom baie siek gevind.
  - Ta Vuurmaak kon nie meer na die nedersetting loop nie, die kinders het nou na hom gekom om sy stories te hoor.
  - Die gemeenskap het gesorg dat daar elke aand twee ander seuns daar slaap sodat hy nie alleen sou wees nie.

- Hy het die kinders ook van die Griekwa-kultuur geleer, van Heitsi Eibib.
- Ta Vuurmaak is stil in sy slaap oorlede.
  - Snaaks genoeg is die doodsertifikaat al lankal reeds ingevul dat Ta Vuurmaak aan ouderdom sou sterf, net die datum moes ingevul word.
- Ta Vuurmaak is met Griekwa-rituele begrawe.
  - Eerstens is alles in die blyplek wat nie meer gebruik kon word nie, verbrand om in te pas dat vuur alles moet skoonmaak.
  - By die graf is tradisionele bossies eers verbrand, terwyl Ta in 'n hurkende posisie geplaas is om die rook van die bossies te kon ruik.
  - Hy het gekies om nie tussen die ander Christene begrawe te word nie, aangesien hy in sy lewe gesê het dat die Christene hom 'n heiden sou noem. Dus is Ta Vuurmaak aan die kant van die begraafplaas begrawe.
  - Daar is nie 'n vleisfees na die begrafnis gehou nie, omdat hy nie 'n nageslag nagelaat het nie.

George Lewis

- Hy is 'n Ier wat na Suid-Afrika gekom het om vir Engeland teen die Boere te veg en het die rang **"Lance-Corporal"** (onderkorporaal) gehad.
- Hy beskou homself beter as die ander Engelse.
  - Tydens die oorlog was hy daarvoor verantwoordelik om die vroue en kinders na die konsentrasiekamp te laat neem en die plaashuis af te brand.
  - Teen die einde van die oorlog het hy en Chai, wat hy as sy enigste vriend beskou het, vatmaar-goed uit die plaashuise geneem.
- George raak verlief op 'n swart meisie uit Vryburg se wêreld.

  - Hy het haar met groot respek behandel en wou met haar trou.
  - Hy het die tradisie gevolg en eers die ngosi se goeie guns probeer wen.
  - George sou ook bogadie (bruidsprys) vir Ruth betaal, die goedere het naby honderd pond gekos.
  - Sy skoonfamilie het van hom as Ra George Lewis gepraat.
  - George en Ruth is ook amptelik in 'n magistraatskantoor getroud.

- George se kompanjie-bevelvoerder, Captain John Walker, het hom in Vryburg ontmoet en besonderhede gegee om vir hom te werk.
    - Die kaptein was ook dorpsraadslid van 'n plek met die naam Du Toitspan (naby **"**Vatmaar**"**).
- Ses maande na hul troue het George en Ruth in **"**Vatmaar**"** gaan woon.
- Oupa Lewies (Lewis = Lewies) is dood en in die Katolieke kerk begrawe.

Charles Hendrik Terblanche

- Hy het as oom Chai bekend gestaan.
- Oom Chai het vir George Lewis tydens die oorlog ontmoet waar hy in Lewis se span as een van die Boys gewerk het.
    - Hy het soms menslik teenoor die boere opgetree, so het hy byvoorbeeld daarvoor gesorg dat die boys vir die ouma 'n graf grawe nadat sy verbrand het en nie net haar lyk daar gelaat nie.
    - Dit het hom ontstel om die plaashuise af te brand en hy het dit ook met Lewis bespreek en gevra hoe dit sou wees as dit met Ruth sou gebeur.
    - Oom Chai gebruik sy vriendskap met George Lewis tot sy eie voordeel.
    - Oom Chai neem vatmaar-goed en versteek dit wat hy en George Lewis later in twee dele deel.
- Hy het 'n leidende rol gespeel met die "op die kaart sit" van die nedersetting **"**Vatmaar**"**.
    - Het as landmeter by die Du Toitspan dorpsraad gewerk.
- Oom Chai het instrumenteel daartoe bygedra dat **"**Vatmaar**"** sy eie kerkgebou kon kry.
    - Een van die voorwaardes was dat hy die ouderling moes wees en ook oor die stigtelike herbou van die kerk moes toesig hou.
    - Oom Chai sou ook daarvoor verantwoordelik wees om die dienste te hou indien daar nie 'n predikant beskikbaar was nie. Hieruit kan ons aflei dat oom Chai 'n Christen was.
- Oom Chai trou na sy sewentigste verjaarsdag met 'n jong vrou, Bettie, wat hy by sy broer Steven ontmoet het.
    - Bettie het reeds 'n kind by een van Steven se getroude seuns gehad.
    - Oom Chai het by Bettie probeer byhou en 'n voorkomsverandering ondergaan.
    - Dit het egter nie gehelp nie en sy vrou het hom met Boitjie verneuk.
    - Na 'n konfrontasie, keer hy terug na sy ou, musieklose lewe.
- Oom Chai is in sy slaap dood.
    - Die hele Vatmaar was by sy begrafnis, mens kan dus aflei dat hy 'n gewilde persoon was.
    - Daar het selfs mense van du Toitspan na sy begrafnis gekom, met "**moutorkarre"**.

Kom tot die gevolgtrekking of die stemming in Vatmaar verander het met die drie karakters se dood.

- Ja, die stemming sal verander.
    - Oom Chai, Ta Vatmaar en Oupa Lewies het 'n spesiale band met Vatmaar en sy mense gehad en hulle sal erg gemis word.
- *Die kandidaat kan sy eie gemotiveerde gevolgtrekking gee.*

Slot/samevatting

- Die skrywer slaag daarin om die Vatmaar-nedersetting se lief en leed aan die leser bekend te stel.
- *Die inhoud van die slot/samevatting word nie voorgeskryf nie, maar volgens die assesseringsrubriek behoort die opstel oor 'n slot of samevatting te beskik.*

[25]

OF

VRAAG 12: *Vatmaar* (A.H.M.Scholtz)

12.1	Hy het dit nie in 'n gevegsituasie opgedoen nie✓, maar is geskiet terwyl hy geelwortels uit 'n tuin gesteel het. ✓	2	Ironie moet beide kante van die saak noem vir 2 punte.
12.2.1	Storie ✓	1	
12.2.2	Oorlogstories✓ / Geskiedenis / Vertellings van die oorlog of wat hulle deurgemaak het	1	
12.3	Hy steek soms lyf weg. ✓/ Lui/ Bang vir werk	1	
12.4	Ta Vuurmaak wil graag bejammer word. ✓/ Ta Vuurmaak is lui en steek lyf weg wanneer dit hom pas.	1	Kandidaat kan eie gepaste antwoord gee.
12.5	Hy is hartseer oor die gebeure. ✓	1	
12.6	Sy wou nie aan die Engelse enige genoegdoening verskaf nie. ✓	1	
12.7	Queen se manne ✓/ Cape coloureds / Boys	1	
12.8	Terwyl sy tot God bid om die mense te vergeef vir wat hulle doen✓, is sy self nie bereid om hulle te vergewe nie en sy spoeg op die grond om haar haat te wys.□✓	2	Moet albei kante noem.
12.9	Ja, alhoewel sy dit nie in hierdie omstandighede sou wou doen nie.□✓	1	
12.10.1	Alle witmense (vroue) is só aangespreek. ✓	1	
12.10.2	Nee	1	Ja is X
12.11	Sy is godsdienstig. ✓/ Sy is diep geraak deur die gebeure.	1	
12.12	Dit dien as grafsteen om die posisie van die graf aan te dui. ✓	1	
12.13	Dit is hoe die mense gepraat het. ✓	1	
12.14	As vrees vir hul dade ingeboesem kon word, kon die vrede moontlik vinniger gesluit word ✓ / Die boere op kommando sou dalk gouer oorgee.	1	
12.15	Die plaashuise en gesaaides moet afgebrand word ✓en die vroue en kinders moet na die konsentrasiekamp geneem word. ✓	2	
12.16	Hy sou sinkplate, vensters, deure, huisraad, potte en panne neem as vatmaar-goed.	1	
12.17	Die nedersetting se naam is Vatmaar, almal wat anders was, wat niemand anders wou "vat" nie, het daar saamgetrek. ✓	1	
12.18	Ja. ✓ Oom Chai het ook baie slim en skelm dinge gesteel voordat die huise afgebrand is. ✓	1 1	Ja kry slegs punt indien motivering korrek is.
12.19	Pa ✓/ Vader	1	

[25]

TOTAAL VIR AFDELING B: [25]

AFDELING C
DRAMA

VRAAG 13: *Krismis van Map Jacobs* (Adam Small)

Die opstel word volgens die **Rubriek vir die nasien van die opstelvraag vir roman en drama** (Huistaal) (bl. 21) van die **Riglyne vir die opstel van graad 12-eksamenvraestelle vir tale** nagesien.

Inleiding

- Die drama handel oor Map wat net voor Kersfees (Krismis) op parool uit die tronk vrygelaat word.
- Map is tot tronkstraf gevonnis vir die verkeerde keuses wat hy uitgeoefen het in sy poging om ook iemand te wees.
- *Die inhoud van die inleiding word nie voorgeskryf nie, maar volgens die assesseringsrubriek behoort die opstel oor 'n inleiding te beskik.*

Verduidelik die verband tussen die protagonis en die dramatitel.

- Die protagonis in die drama is Map Jacobs, alhoewel hy 'n groot deel van die drama in die tronk is.
- Die storie handel oor hom en die mense van sy gemeenskap.
- Die titel van die drama dra sy naam wat die verwagting skep dat ons die verhaal van ene Map Jacobs gaan hoor (drama as opvoering) en dat dit veral oor die Kerstyd se gebeure in hierdie karakter se lewe sal gaan.
- Map Jacobs (Johnnie) word net voor Kersfees (Krismis) op parool vrygelaat.
- Die dramatitel is baie gepas, aangesien dit die kern van die drama bevat.

Verduidelik hoe die sosiaal-maatskaplike toestande die protagonis se lewe beïnvloed het en tot sy oordeelsfout aanleiding gegee het.

- Die drama speel op die Kaapse Vlakte af waar mense woon wat deur die Groepsgebiedewet hierheen verskuif is.
    - Die gedwonge verskuiwing het tot groot ontwrigting in die gemeenskap gelei.
    - Uit hierdie ontwrigting het verskeie sosiaal-maatskaplike toestande ontstaan, bv. die voorkoms van bendes met die gepaardgaande geweld en misdaad en sedelike verval.
    - Die mense beskou hul ruimte as **"prisons"** met die inwoners die "**gevangenes"**, volgens La Guma.
- Map woon in die milieu waar bendes en onwettige bedrywighede hoogty vier.
- Map het op skool, volgens Blanchie, redelik goed gevaar en het gematrikuleer.
    - Map soek werk, maar al wat hom aangebied word, is as bode, terwyl die wit werksoekers die beter poste aangebied is.
    - Dit het Map verbitterd gelaat.
- Map sluit by bendes aan, hy wou graag voel dat hy iewers behoort.

- In die bendes is hy dikwels die leier en moet die besluite neem.
    - Map het ook verskeie tatoeëermerke wat hom as lid van ’n bepaalde bende uitwys.
    - Die bende-lede moes by Map toestemming verkry om mense te roof, (**“skud”**) en dis al waarvoor hy op die betrokke nag aanvanklik aan sy bende-lede toestemming verleen het.
    - Hulle het egter toestemming gevra om ook die vroue te verkrag wat Map gegee het.
    - Eers toe een vrou skree, herken Map die stem as dié van sy suster.

    - Map het opgetree deur die bende-lid van sy suster af te trek en het die bende-lid (Ivan Philander) met ’n mes doodgesteek.
    - Hierdie besluit van hom om toestemming te gee, asook om by ’n bende betrokke te raak in sy soeke na identiteit, het verreikende gevolge gehad.
        - Sy suster is dood na die verwurging.
        - Sy ma het stom geraak en nooit weer gepraat nie (totdat Cavernelis ook geboet het)
        - Map het homself by die polisiestasie gaan oorgee.
        - Hy is tronkstraf opgelê.
        - In die tronk het Map tot bekering gekom.

Die protagonis se karakter groei/ verander / ontwikkel.

- Map was aanvanklik die skoolseun Johnnie wat verlief op Blanchie was.
- Nadat die lewe hom onregverdig behandel deurdat hy slegs ’n bode kon wees, wend hy hom tot die bendes.
- Map is leier van drie verskillende bendes en is dus betrokke in al hul onwettige bedrywighede sonder enige gewetenswroeging oor of verantwoordelikheid vir wat hy aan die ander mense en hul kinders sou doen.
- Map neem die verkeerde besluit toe hy (onwetend wie dit is) toestemming gee dat sy ma en suster verkrag kan word.
- Toe die slagoffers se identiteit aan die lig kom, is Map bereid om die gevolge van sy dade te dra.
    - Hy dra egter nie die gevolge van vorige dade nie.
    - Hy gaan gee hom oor by die polisie-stasie en word tot tronkstraf gevonnis.
- Daar tree tog ’n verandering by Map in die tronk in.
    - In die tronk word hy tot ’n Christen bekeer en hy probeer vergoed vir sy wandade.
      Map kom tot insig dat hy Blanchie nie vir ’n aborsie kan blameer nie, aangesien hy as misdadiger nie die reg het om haar te oordeel nie.
    - Sy gedrag is sodanig dat hy op parool vrygelaat word.
- Map het dus ’n karakterontwikkeling ondergaan en kan as ’n ronde karakter beskou word.

Bewys uit die teks hoe die gemeenskap skepties teenoor Map Jacobs na sy vrylating staan. Dink jy die gemeenskap het rede om Map met agterdog te bejeën?

- Map beskou die gemeenskap en die werkgewers as **"sympathetic"**, maar hy word nie 'n tweede kans gegun nie.
    - Map noem dat sy tatoeëermerke hom brandmerk en sy getuigskrifte raak.
    - Ten spyte van die feit dat hy by elf werkgewers om werk gaan aanklop het, raak hy nie geholpe nie nieteenstaande die feit dat die maatskaplike werkster (miss Africa) voorbrand maak.
- Die orkes het die verskoning dat hul lidmaatskap vol is en die aansoeke vir volgende jaar se kompetisie al klaar ingevul is.
    - Map was die saksofoonspeler in die orkes en nou word die verskoning gebruik dat die orkes reeds oor 'n saksofoonspeler beskik, daar is dus nie plek vir hom nie.
- Blanchie vermy vir Map, terwyl Map net graag met haar wil praat en haar om verskoning wil vra.
    - Met die dood van Cavernelis is dit egter Map wat vir Blanchie vertroos.
- Ja, Map het waarskynlik baie dade teen die gemeenskap gepleeg en hy sou nooit geboet het as dit nie sy ma en suster was wat slagoffers was nie, sodat sy verandering bevraagteken kan word.

- Nee, dit is nie regverdig nie. Indien 'n persoon sy straf teenoor die gemeenskap uitdien, kan hy nie lewenslank oor die kam van misdadiger geskeer word nie. Dit is moontlik vir mense om te verander.
- *Die kandidaat kan sy eie gemotiveerde mening lug.*

Slot/samevatting

- Die drama is 'n weerspieëling van die gemeenskappe wat uitgelewer is aan hul omstandighede en dat daar tog hoop en karakterontwikkeling kan wees, dat iemand wel kan verander, ten spyte van sy/haar verlede.
- *Die inhoud van die slot/samevatting word nie voorgeskryf nie, maar volgens die assesseringsrubriek behoort die opstel oor 'n slot of samevatting te beskik.*

[25]

OF

VRAAG 14: *Krismis van Map Jacobs* (Adam Small)

14.1	Die drama gaan oor Kersfees (tyd) afspeel✓	1	
14.2	Die politieke en sosiale milieu waarin Map hom bevind ✓/ Cavernelis.	1	
14.3	Eksposisie ✓	1	
14.4	Cavernelis besef dat Blanchie deur die wit mans uitgebuit word en hy pleeg selfmoord. ✓ Dus werk dit nie uit dat hulle uit hul ruimte kan ontsnap nie. ✓	1 1	
14.5	Prostituut ✓	1	
14.6	Uiterlike konflik (met magte buite jou beheer) met die sosio-ekonomiese situasie waarin hy hom bevind. ✓	1	
14.7	Daar word suggereer dat Blanchie op pad is om iets verkeerd of onguur te gaan doen. ✓/ Die gedagte van wat Blanchie nou gaan doen, word aan die leser oorgelaat.	1	
14.8	Sy probeer beter wees as wat sy in haar omstandighede is. ✓	1	
14.9	Cyril	1	
14.10	Hulle is benede hom, is skelms. ✓	1	
14.11.1	Sy praat Engels omdat dit vir haar status gee en só voel sy nie deel van die township nie. ✓	1	
14.11.2	Onder die voorwendsel van modelwerk verkoop sy haar liggaam aan ryk, wit mans. ✓	1	
14.12	Hy het (vermoedelik) selfmoord gepleeg ✓/ Hy is dood nadat hy voor ’n trein beland het.	1	
14.13	Daar word ’n verduideliking gegee dat dit nou ’n terugflits is. ✓/ Dui ’n verskil in tyd en ruimte aan	1	
14.14	Map Jacobs is die bende-leier en misdadiger terwyl Johnnie die (onskuldige) skoolseun is wat op Blanchie verlief geraak het.□✓	2	
14.15	Map het onwetend dat die slagoffer sy ma en suster is, toestemming verleen dat die slagoffers benewens beroof, ook verkrag mag word. ✓	1	
14.16	Sy het hom op skool beter leer ken en hulle was toe verlief op mekaar. ✓	1	
14.17	Hy het toegelaat dat Blanchie vir geldelike gewin uitgebuit word.□✓	1	
14.18	Ja, ✓ hy sterf voor ’n trein. ✓	1 1	Moet motivering korrek hê voordat Ja ’n punt kry.
14.19	Antie Grootmeisie✓	1	
14.20	Hy wou ook iets gewees het. ✓	1	
14.21	Die drama handel oor mense in ’n bepaalde sosio-ekonomiese toestand wat in townships leef en ’n bende-kultuur wedervaar. Dit is soos wat hulle praat. ✓	1	

[25]

VRAAG 15: *Mis* (Reza de Wet)

Die opstel word volgens die **Rubriek vir die nasien van die opstelvraag vir roman en drama** (Huistaal) (bl. 21) van die **Riglyne vir die opstel van graad 12-eksamenvraestelle vir tale** nagesien.

Inleiding

- Die konstabel het aanvanklik voorgekom as die persoon wat die vroue moet beveilig in die "afwesigheid" van 'n man (Gabriël bly op die solder), maar eersgenoemde het later van gedaante verander en Meisie verlei.
- *Die inhoud van die inleiding word nie voorgeskryf nie, maar volgens die assesseringsrubriek behoort die opstel oor 'n inleiding te beskik.*

Konstabel kom aanvanklik as held voor om die vroue se veiligheid te verseker.

- Die konstabel in *Mis* het by Miem, Meisie en Gertie opgedaag in 'n polisie-uniform en as verteenwoordiger van die gereg.
- Die konstabel daag in 'n spanningsvolle situasie op, waar die vroue bang is vir wat in dié betrokke nag kan gebeur.
- Hy verduidelik dat hy net in spesiale gevalle gebruik word, wat Miem belangrik laat voel om te dink dat hulle in hul armoede "'n spesiale geval" is.
- Alhoewel die konstabel blind is, vergoed hy vir sy blindheid met spesiaal-ontwikkelde reuk- en gehoorsintuie.
- Die uniform van die konstabel is die simbool van sy beskerming en dit bied hom die geleentheid om sonder enige vooroordeel toegang tot hul huis te verkry.
- Hy verteenwoordig veiligheid en orde in die gemeenskap, asook goeie waardes. Hierdie beeld van hom raak ironies as ons na sy latere optrede en dubbele lewe kyk: hy manipuleer Gertie met sy vertelling, hy begelei Meisie uit na buite om haar te bevry.
- Die konstabel word die verpersoonliking van alle redders uit 'n beknelde situasie.
- Die konstabel versterk sy heldedade deur die vroue te vertel waar sy bynaam vandaan kom, dat hy baie goed is met sy werk.
- Nadat die ouer vroue gaan slaap het, eet die konstabel die appel, trek sy baadjie uit en dop dit om as die nar of pierrot, hy ondergaan 'n gedaanteverwisseling.
- Die konstabel het nie net in sy voorkoms getransformeer nie, maar ook in sy motiewe.
    - As konstabel het hy die skyn gehandhaaf dat hy die drie vroue wil beskerm, terwyl hy as die nar die een vrou verlei het om hom in die nag na buite te volg, weg van haar huis.

Die konstabel is by uitstek 'n manipuleerder.

- Die konstabel speel 'n speletjie met hulle – praat van persoon of persone wat die gevaar kan inhou.
- Wanneer Miem hom die huis wil belet, maak hy hulle weer bewus van die dreigende gevaar.
- Die woorde maak Miem en Gertie meer bekommerd en die vroue ontferm hulle weer oor hom.
- Die konstabel is baie geheimsinnig oor sy eie doen en late en maak net die inligting bekend wat hy kan gebruik om ander te manipuleer.

- Hy gebruik elke vrou se swak plek in hul mondering tot sy eie voordeel:
    - Aan Gertie vertel hy van sy Tant Hannie wat die sensuele danse uitvoer.
        - Gertie raak sodanig meegevoer in sy vertelling dat sy ook 'n dans vir hom uitvoer.
        - Hy weet dat Gertie seksueel gefrustreerd is en bevry haar.

    - Aan Miem vertel hy dat hy net in spesiale gevalle gebruik word.
        - Hierdie is vleitaal vir Miem wat vanweë hul armoede afgesny word van die gemeenskap.
        - Miem bieg ook teenoor hom dat sy 'n man se liggaam mis nadat Gabriël al vir sewe jaar op die solder is.
    - Hy gaan saam met Meisie na buite om die slopemmer leeg te maak en dit bring 'n gevoel van sekuriteit by haar.
        - Meisie bieg haar gevoelens jeens die sirkus teenoor hom.
        - As die nar manipuleer hy Meisie om saam met hom te verdwyn, op die maat van musiek, amper soos die Rottevanger van Hamelin.

Sy transformasie lei tot die verleiding van Meisie.

- Wanneer die konstabel vir 'n oomblik alleen gelaat word, haal hy die appel (as simbool van verleiding) uit, eet dit en maak die agterdeur oop om na die musiek te luister.
- Hy maak sy gordel los en dop die baadjie om om die nar te word, die flambojante bevryder.
- Terwyl hy danspassies uitvoer, keer Meisie terug na die vertrek.
    - Sy is aangetrek soos wat hy haar waarskynlik vroeër versoek het, soos wat uit haar verwysing na haar kaal voete afgelei kan word.
- Hy verlei Meisie met woorde dat sy baie mooi is en later haal hy haar hande van haar ore af sodat sy na die verbode musiek kan luister.
- Hulle dans by die deur uit in die hoogtepunt van Meisie se verleiding.

Is Meisie se ontsnapping volgens jou onvanpas of het jy dit as leser verwag? Motiveer jou antwoord.

- Meisie se ontsnapping is van pas.
- Van die heel begin af word daar klem op die laaste dag van Augustus gelê, daar word verwys na twee vorige verdwynings en die gevaar wat die aand dus inhou.
- Nes Meisie later aangetrek is, het die vorige twee meisies kaalvoet en in hul aannemingsrokke weggeraak.
- Meisie is omring met mis en sy moet die hele dag in haar ma se geselskap deurbring.
    - Sy het nie kontak met ander jong mense/ mans nie.
    - Meisie het na die towerwêreld van die sirkus gekyk en die skyn staan in skrille kontras met haar eie lewe. Hiervoor is Meisie gestraf.
    - Meisie het ook genoem dat jongmans nie vir haar kom kuier nie, uit hierdie verwysing kan afgelei word dat sy die geselskap van haar portuurgroep en moontlike verhoudings mis.
    - Dit skemer deurgaans deur dat Meisie opstandig is en uit haar ruimte wil breek.
    - Sy het waarskynlik die nar geglo en dit as 'n ontsnapping van haar omstandighede gesien.
- Die ontsnapping is gemotiveerd, die leser het dit eintlik verwag.

[25]

VRAAG 16: *Mis* (Reza de Wet)

16.1	Die drama speel in die depressie-jare af waar mense enige iets moes doen om aan die lewe te bly, in hierdie geval word mis as bemesting verkoop. ✓	1	
16.2	Meisie ✓	1	
16.3.1	Die konstabel ✓	1	
16.3.2	'n Adder aan jou bors koester. ✓	1	
16.4	'n Uil het in die tuin geroep. ✓	1	
16.5	Hy is nie werklik blind nie. ✓	1	
16.6.1	'n Appel ✓	1	
16.6.2	Kan na die appel as simbool verwys waar Eva vir Adam verlei het ✓/ In sprokiesverhale is 'n appel dikwels die simbool van verleiding.	1	
16.6.3	Sodra hy die appel eet, as simbool van verleiding, verander die konstabel sy kleredrag en personasie na dié van 'n nar. ✓	1	
16.7	Hy kon moontlik daaraan dink hoe maklik dit was om toegang tot die huis te verkry en sodoende sy planne uit te voer.□✓	1	Ander gepaste antwoord van kandidaat kan ook korrek wees
16.8	Daar sal nie enige jolyt ter sprake wees sodra die verdwyning van Meisie ontdek word nie, eerder hartseer/ ontnugtering. ✓	1	
16.9.1	Hy gaan die saak van die meisies wat verdwyn, oplos ✓/ Hy is waarskynlik daar om te help dat die mense /jong meisie in die huis veilig sal wees.	1	
16.9.2	Eintlik gaan die konstabel verantwoordelik wees vir die verdwyning van nog 'n meisie. ✓	1	
16.10	Sy is 'n skinderbek wat al die skindernuus ken ✓/ bemoeisiek.	1	
16.11.1	Gabriël ✓/ Miem se man	1	
16.11.2	Die nuwe aankomeling gaan vir angs sorg ✓ / Daar is gevaar wat in die konstabel dreig.	1	
16.12.1	Meisie voel ook vasgevang/ ingeperk/ ingekerker in die huis met geen kontak met ander jongmense nie. ✓	1	
16.12.2	Ja, Miem het genoem dat hy sal afkom vir die troue (vreugde), dus kan mens aanneem dat hy vir die tragedie ook by hulle sal aansluit□✓ / Nee, Hy het nie van die solder gekom met die aankoms van 'n vreemdeling nie, ook nie toe hy hoor hoe die vreemdeling die vroue manipuleer nie.	1 1	Ja/Nee kan slegs 'n punt verdien indien die motivering pas. Kandidaat kan eie gepaste rede verskaf.
16.13	Meisie sou nie daardie aand saam met die konstabel gegaan het nie ✓/ Miem sou haar dogter nog veilig onder haar dak hê.	1	
16.14	Uiterlike konflik ✓	1	
16.15.1	Goeie man ✓/ Sagmoedig/ Edel/ Swartgallig	1	
16.15.2	Beskrywing van ander karakters ✓/ Wat ander karakters oor die betrokke karakter sê/ Na aanleiding van wat Miem van Gabriël sê ✓	2	
16.16	Die man (gevaar) is reeds in hul midde en hy het nie nodig gehad om enige deur af te breek nie. ✓	1	

[25]

TOTAAL VIR AFDELING C: [25]

GROOTTOTAAL: 80